Ps. 48:1,4.  **Die Xten se Roeping in die Nuwe Staat** | Aand - 4 Junie 1961

Ges. 62: 3 (Ges. 31: 2,3)

Ges. 156: 5          Neh. 4:1-21.

Neh. 4:6b – En die volk was met hulle hart in die werk

Dis die beskrywing hierdie van 'n nuwe begin van 'n volk na baie ontbering en vernedering. Dis die verhaal van Israel wat, na hulle ballingskap in Babilon, onder aanvoering van 'n Godsman, terugkom na Palestina om Jerusalem, stad v Sion, stad van God, te herbou. Ten spyte van armatige en gevaarlike toestand word die groot werk aangepak en suksesvol deurgevoer.

Om egter die betekenis van hd. bel. gebeure reg te verstaan en toe te pas moet ons altyd die geheel enige, unieke posisie v.d. volk Israel v.d. Ou Verbond, reg sien. God sien hulle nie as aardse nasie nie, mr. as uitverkore gemeenskap, volk v. God, wat d. draers was v.d. groot Verlossingsboodskap, die voorspel van die nuwe Israel, die Kerk v. Xtus. En hulle bouwerk, die herstel van Jerusalem en sy muur, was die sigbare teken v daad van die bouwerk wat God deur sy Verbondsvolk, sy nuwe nasie, sy Kerk deur die eeue wil voltrek. Dus mag hd. gesk. van Nehemia v.d. herbou nie sonder meer toegepas word op 'n hedendaagse aardse volk of nasie nie, maar is dit bedoel as besk. vir die volk v.d. nuwe ryk, die Kerk, die Koninkryk van God.

Dit gee ons die reg om uit hd. gesk. vlm aan u as gemeente v Xtus, as deel v.d. Kerkvolk, die Kinders v.d. Koninkryk v God te laat soek & vra: wat leer hd. gesk. vir ons van ons taak as Xtene in die nuwe Tydvak wat ons in ons land betree het op 31 Mei?

I. **Die volk ~~het gewerk~~ mees werk:** Hd. groepie teruggekeerde ballinge besef: daar is net een manier om die saak reg te kry en dit is: dat elkeen moet inspring, sy volle deel doen in hd. werk. In die geval was dit handewerk: muurbou, klippe kap, aandra, opstapel: harde werk. Elkeen was ewens besig: die mans op die muur, die vroue en kinders binne die muur! Wou geslaag? ~~Dit~~ Omdat dit besielde arbeid was – maar ook volgehoue arbeid!

As u my sou vra wat God vir ons as Xtenvolk unieke taak in hd. nuwe tydvak stel, dan antw. ek: Om weer die adel van alle arbeid te herstel as skeppingsopdrag van God aan die mens. Dit geld in die 1e plek vir ons as blankes: ons het in baie opsigte 'n gemaksugtige volk geword. Ons volkskarakter is verswak deur die aanwesigheid van „goedkoop" arbeid van miljoene nie-blankes // Hulle sweet het ons akker gevul, ons kinders bederf, ons jongmense sag gemaak, met duisende wat alles gerieflik wil hê – mense wat nie meer kan uithou en aanhou nie!

Maar dit geld ook vir die nie-blankes: as ons as blankes ons eie handewerk wil doen om die nie-blanke te verhinder om tot volle ontwikkeling te kom (of omdat ons hom 'n genoegsame inkomste nie gun nie) dan is ons motief verkeerd. Arbeid is 'n opdrag v. God aan alle mense en die Xtdom moet elke mens help om sy arbeidspotensiaal tot sy hoogste te ontwikkel – maar dan altyd tot eer van God en tot diens van sy naaste. Maar hierdie opdrag word verwaarloos deur luiheid, gemaksug of 'n hindernis of verbod om te ontplooi ~~tot~~ op d. hoogste spoort daar lei dit ~~tot~~ allerlei euwels: sondige gemaksug, leegleêry, [illegible].

→ Xten se roeping: 'n voorbeeld!

II. **Die volk ~~het~~ mees eendragtig ~~ge~~werk:** Deur Nehemia se ~~[illegible]~~ besielde leiding en gesonde siening het elke man, vrou en kind saamgewerk, elkeen sy deel gedoen. Hulle het dit gesien as gemeenskaplike taak om Jerusalem te bou en te bewaak // Juis omdat die taak so groot, so dringend en so verhewe was, het dit hulle saam verbind en saam verhef tot 'n nuwe vlak van arbeid en offerande & was daar geen tyd of plek vir kleinlike getwis en [illegible] nie. // Die vyandskap v. Sanballat en Tobia wat as vyande die groot werk wou verydel ~~is~~ is verydel en God het sy seën op hd. eendragtige poging v.d. hele volk gegee.

Wat sê dit vir ons as gelowiges, as Xtene in die R.S.A.? Dit, my br. & st., dat ons as Christene moet verstaan dat God ons op d. muur geplaas het, om besig te wees m.d. bouwerk van God aan sy Kerk. Maar dit kan nie slaag tensy ons as mede-arbeiders van God (1 Kor. 9) ook mede-arbeiders word van mekaar. Maar dan moet daar 'n nuwe gees van samewerking kom in ons land:

① Tussen die versk. taalgroepe: om strydbyle v.d. verlede begrawe (teenspraak d. afgelope dae)

② Tussen d. versk. rassegroepe

Die groot vr. wat almal vra: hoe moet dit moontlik maak? Op watter basis? Wat is taak v.d. Kerk? Kerk as instituut nie geroepe om ~~beter~~ ekon. of maatsk. of polit. samewerking te bewerk nie (dis d. taak v. ind. Xtene as burgers v.d. staat om as enkelinge hulle Xt. getuienis te gee). Die Kerk se roeping is egter baie beslis om die ~~Xtene~~ ~~ad.~~ versk. Kerke tot nouer samewerking te bring op geest. en kerkl. terrein – & d. Kerk mag sy roeping nie verwaarloos of uitstel nie! Hoe mag

tot samewerking op ander terreine werking is nie!
Onthou: vs. 19 „Die werk is groot en uitgestrek, en
ons is uitmekaar op d. muur, die een ver v.d. ander
af" maar ons bou aan dieselfde muur!
Sodra d. Kerk ommuur word word d. Xtene
bruggebouers (① + ②)! Ware blywende eenheid
is alleen moontlik tussen Xtene en Xtene omdat
hul albei Xtns geword het Verlossing & Versoening!
Daar die Xtene van versk. Kerke en die Xtene van
versk. rasse die baanbrekers word. Kan alleen
kom as hulle in gesprek kom met mekaar, in
gebed kom voor God!
→ U pers. aandeel & voorbeeld. Daar is geen
teekens in ons land tussen Xtene van ① & ② mekaar
vind in en deur hulle Kerke!
III. Die volk ~~het~~ moes vir God (ge)werk: Die bouwerk
was vir Jerusalem, die stad v God. God het bedoel
dat die werk nie vir Israel as aardse staat, nie,
maar vir d. nuwe Israel, die ~~Koninkryk~~ Kerk v Xtene v God moes
wees. En omdat hulle dit ~~ha~~ nie duid. gesien
het en later verontagsaam het, daarom is Jerus.
later meer verwoes en d. Tempel vernietig
→ Hoe raak dit ons? Ons is burgers van d. Republiek
en ons aanvaar dit in dankbd & gehoorsaamhd.
Maar ons as Xtene is bo al burgers v.d. republiek van
God — d. Kon. v.d. hemele (bywoners, burgerskap).
Ons regering & d. staatsvorm kan ook weer verander — maar
as Xtene verander nie: Koninkryk uitbrei:
Doen met baie meer spoed, baie meer erns,
baie meer offers as dit vir daag! Woorde Franse
Kommunis. (Aanhaling)
→ Vasstel wat d. struikelblokke is wat d.
werk hinder (ook vra van hulle aan wie ons d.
boodsk. bring — blankes, Kleurlinge, Indiërs, Bantoe)

Ten slotte wil ek hier net aanhaal wat 'n Franse Kommunis van ons Christene dink. Hy sê dat hulle op die ou end sal wen en vervolg:

„Ons Kommuniste speel nie met woorde nie. Van ons salarisse en lone behou ons alleen dit wat streng noodsaaklik is; die res gee ons vir propaganda-doeleindes, en aan dié propaganda wy ons al ons vrye tyd en 'n deel van ons vakansies. Julle bestee egter net 'n bietjie tyd en amper geen geld nie aan die verkondiging van die Evangelie . . . Hoe kan julle glo aan die oortreffende waarde van die Evangelie as julle dit nie beoefen nie, nie versprei nie en nie tyd of geld daarvoor opoffer nie."

E. H. BEKKER.
Meyerton.